Nico van Gijsen: ’n Finansiële les van die lugversorger

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-n-finansiele-les-van-die-lugversorger-20261105-0708



’n Testament wat nie volg op behoorlike boedelbeplanning nie, is in baie gevalle nie die papier werd waarop dit geskryf is nie, skryf Nico van Gijsen.

Ek wil gesels oor twee ervarings verlede naweek. In Bloemfontein.

Terwyl my kollega by die motorverhuringskantore die nodige gaan doen, staan ek buite en wag.

Bloemfontein kan nogal warm wees. Ek besluit toe om in te gaan. Hopelik is daar lafenis te put uit ’n lugversorger. Tot my verbasing is dit warmer binne. My oë soek na ’n lugversorger, maar dis óf weggesteek óf daar is nie een nie. Toe maar weer buitentoe.

Dis toe dat ek byna oor my voete val. Twee lugversorgers is besig om heerlike koel lug te blaas. Aan die buitekant. En ek wonder: Is dit ons Bloemfonteiners se plan teen aardverhitting?

Hoekom was ek in Bloemfontein?

Ek was een van die alumni wat genooi is om die galadinee ter viering van die 25ste bestaansjaar van die Skool vir Finansiële Beplanningsreg by te woon.

Hierdie ervaring, saam met die lawwigheid rondom die twee buitentoe-lugversorgers, het by my weer die erns en belangrikheid van behoorlike finansiële beplanning beklemtoon.

Die skool is begin op grond van die besef dat finansiële beplanning oor meer gaan as polisse verkoop. Daar is ’n belangrike stuk van die reg (my laaste telling was meer as 50 stukke wetgewing) wat op jou finansiële lewe van toepassing is. En dan is daar natuurlik die somme wat gedoen moet word.

Finansiële beplanning gaan oor jou hele lewe. Jou hele persoon. En dié van jou naasbestaandes en ander afhanklikes. Alles van belastingreg tot die sielkunde van geld.

Hier is enkele voorbeelde van finansiële beplanning wat skeefgeloop het.

Die buitentoe-lugversorgers

Die Bloemfonteinse lugversorgers het my, nadat ek gelag het vir my eie lawwe afleiding, laat dink, ja, baie mense sit doodtevrede met ’n testament wat hulle gou by die prokureur of ouditeur opgestel het.

Dit gaan daaroor om ’n testament te hê. Daar is geen sekerheid oor of hy dalk al sy regsgeldigheid buitentoe blaas nie.

Laat ek dit duidelik stel: ’n Testament wat nie volg op behoorlike boedelbeplanning nie, is in baie gevalle nie die papier werd waarop dit geskryf is nie.

Jou testament kan voldoen aan al die regsvereistes in die Wet op Testamente (7 van 1953) om dit regsgeldig te maak. Maar voldoen dit aan jou behoeftes en vereistes? Of blaas hy koue lug buitentoe?

Testament 1

’n Vrou hol gou by haar prokureur in om vir haar ’n testament op te stel. Sy het geld, baie geld. Haar man het nie.

Sy wil haar man en twee kinders gelykop laat erf by haar dood. Een derde elk. Die prokureur stel toe die testament so op. Regsgeldig.

Maar die vrou is getroud met die aanwasbedeling. Die verskil tussen haar boedel en haar man se boedel beteken dat hy baie na aan 50% van haar baie groot bates gaan kry by haar dood, danksy die aanwasbedeling.

Hy sou volgens die testament, benewens sy aanwas-eis, ook nog ’n derde van die oorblywende helfte kry. Dit was nie die vrou se bedoeling nie.

Testament 2

Ek sien ’n testament wat by ’n ouditeur opgestel is. Die man bemaak ’n groot bedrag geld aan ’n trust ten bate van sy vrou, sou hy voor haar sterf.

Die woorde wat ek lees, het my byna geweld aangedoen soos wat dit na my toe uitspring. Woorde in die lyn van: “Ek bepaal uitdruklik dat my trustees volle diskresie oor die trustbates sal hê.”

Nou, artikel 4q van die Wet op Boedelbelasting (45 van 1955) maak enige bemaking aan ’n oorlewende gade aftrekbaar vir boedelbelasting. Ook as die bate na ’n trust toe vererf met die oorlewende gade as enigste begunstigde.

Die oorlewende gade moet die volle voordeel (die inkomste uit die trust) kry as jy dit boedelbelasting-aftrekbaar wil maak. Die trustees moet juis nie ’n diskresie hê nie. Dit is uiters belangrik.

Duidelik is hier ’n klok gehoor lui. Laat staan soek waar die klepel hang, die arme ou weet nie eens of hy die kerkklok gehoor het, of ’n deurklokkie, of selfs dié van ’n roomyskarretjie nie.

Polisbegunstiging

Ek kry die indruk dat baie makelaars deesdae agtergekom het dat ’n polis wat direk aan ’n begunstigde uitbetaal, nie vatbaar is vir die eksekuteurstarief nie. Die verduideliking is maklik: Die eksekuteur werk nie daarmee nie.

En nou word dit vir ’n ieder en ’n elk aanbeveel. In baie gevalle sonder inagneming van die koste van boedeladministrasie en ander boedeluitgawes soos belasting, sterfbedkoste, ensovoorts.

Ek weet baie loop en verkoop die storie dat so ’n polis ook uitgesluit is vir boedelbelasting. Dis sommer snert.

Maar hier is ’n ander belangrike punt: Veral boere, maar andere ook, neem ’n polis uit vir ’n dogter wat nie ander bates, soos ’n plaas, erf nie.

En dan, soos ek hier bo noem, word gereël dat die polis direk aan die dogter uitbetaal by haar pa se dood.

Wat hulle miskyk, is dat as die dogter getroud is, of gaan trou, met toepassing van die aanwasbedeling, vorm daardie polisgeld deel van haar aanwas. En dan raak dit onderhewig aan ’n aanwas-eis.

’n Testamentêre bemaking van die polisgeld wat aan die boedel uitbetaal is, is outomaties van die aanwas uitgesluit. ’n Klein, belangrike oorsig, gewoonlik so ’n paar miljoen rand

werd.

Finansiële beplanning is ’n gespesialiseerde veld. Maak seker jy kry die beskikbare kundigheid aan jou kant en jy blaas nie die koel lug buitentoe nie.

Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is die besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met Jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za